**12 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 10:16-25**
**Fokusgedeelte Matteus 10:19, 20**

## Beheerste getuienis

Om deur jou vyand vervolg te word is swaar, maar dit is te verwagte. Dit is egter baie moeilik om te verwerk wanneer jou eie mense jou vyande word. Daarom is ons dikwels bang om ons geliefdes teë te gaan en bly ons maklik liewer stil wanneer ons eintlik moet praat. Ons Here Jesus waarsku ons egter dat ons teenstand te wagte kan wees, ook van ons eie mense. Daarom word ons opgeroep om moedig staande te bly vir die waarheid, selfs al maak dit jou ongewild by jou eie mense.

Die hartseer is dat die konflik met ons eie mense dikwels voortspruit uit ons eie hardkoppigheid en eiegeregtigheid en daarom na vore kom in rusie en harde woorde. Mense is dikwels bang om oor die dinge te praat waaroor hulle moet. Hulle pot dit liewer op. Wanneer hulle wel binne ’n konfliksituasie kom, reageer hulle baie driftig. Dan wil hulle hulle laat geld in plaas daarvan om aan die waarheid van die evangelie vas te hou. Die gevolg is dat die evangelie skade ly. Min is nog ooit gewen deur harde woorde wat wild rondgeslinger word.

God wil dat ons op Hom vertrou en deur die Gees beheers praat. Die Here beloof aan ons dat Hy deur sy Heilige Gees ons sal lei om rustig die regte woorde te sê. Wanneer ons in konflik kom oor die waarheid van God sal Hy ons deur sy Gees lei sodat ons in liefde van die waarheid sal getuig tot sy verheerliking.

*Sing: Psalm 56:1, 2, 5 (Cloete)* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*